HOËRSKOOL RANDBURG

**Spesifieke Oueromsendbrief nr. 89 van 2026**

11 Augustus 2026

Geagte Matriekouer

Ons is bewus daarvan dat drie Tienertoneel-optreedatums met die Rekordeksamen oorvleuel. Hierdie eksamen is 'n belangrike eksamen vir ons matrieks en dus sal ons tot die beste van ons vermoë verseker dat matriekleerders prioriteit geniet wat busvervoer na en van kompetisies betref, sodat die leerders soveel moontlik leertyd vir die volgende dag se eksamen kan hê.

**Die optreedatums lyk soos volg:**

- **17 Augustus:** *Ons en Hulle* (19:40) en *Bitterrus* (17:30) - *UNISA Little Theater* – Pretoria
- **18 Augustus:** *Tussen die Water* en *Die Wind* (14:10) *en Metalasia* (17:30) - *UNISA Little Theater* – Pretoria
- **24 Augustus:** *Bitterrus, Metalasia* en *Tussen die Water en die Wind* (begin 16:30) - Wilgeteater – Pretoria

Indien u wel steeds voel dat u self u kind net voor sy/haar tegniese repetisie wil aflaai (tye sal aan leerders gekommunikeer word), óf net na sy/haar optrede wil oplaai, is u meer as welkom om reëlings met Juf. Christa Snyman te tref.

Vriendelike Randjiegroete

| | | |
|---|---|---|
| C. Snyman | J. Piso | P. Booysen |
| Tienertoneel-organiseerder | Kultuurhoof | Skoolhoof |